

28 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15
Fokusgedeelte: NGB, Art 37

Christus se terugkoms – verskyn voor die Regter

Reeds met ons doop bid die dominee dat ons “op die laaste dag SONDER VERSKRICKING voor die regterstoel van Christus mag verskyn”. Tog is die meeste mense maar ’n bietjie bang vir dáárdie dag voor die “groot wit troon” (vers 11). Boonop, lees ons, is daar boeke waarin alles wat ’n mens jou lewe lank gedoen het opgeskryf is. Op grond van die inhoud van daardie boeke word elke mens, “groot en klein,” dan geoordeel (vers 12).

Wat ’n troos dat ons ook van “’n ander boek” lees: Die boek van die lewe. Hierdie boek staan ook bekend as “die boek van die Lam” (Open 21:27). Van voor die skepping af staan in hierdie boek opgeskrywe die name van almal wat aan Jesus Christus, die Lam van God, behoort (Open 13:8). Jesus weet dus wie aan Hom behoort. Hy laat nie een van hulle verlore gaan nie (Joh 17:9-12). Selfs nog méér; Jesus het sy lewe aan die kruis afgelê vir dié wie se name in die boek van die lewe is.

Só is die boek van die lewe eintlik ’n WONDERBOEK. Dit oefen genade-invloed uit op die boeke met die dade van mense. As iemand se naam in die boek van die lewe geskryf staan, vee die bloed van Jesus al die verkeerde, sondige dade van daardie persoon in die boeke van die dade uit. Van almal wat in Jesus Christus glo bly in die boek van dade net die goeie dinge oor, Christus se dade, wat in hulle lewe sigbaar geword het.

Inderdaad kan ons dus die oordeelsdag “sonder verskrikking” tegemoet gaan. Christus het ons ook van hierdie vrees bevry!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)